Beste Lidmaat

Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 7 Junie 2020.

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander algemene inligting.

Aangeheg is ook 'n selfverklarende skrywes oor Kerkraadsbesluite oor vlak drie van die inperkings en erediens kykpatrone aangeheg as Bylae A en B.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees nie, tot na verdere kennisgewing, soos deur wetgewing vereis.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u elke Vrydag die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang.

Die erediens van 7 Junie se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/Z5naqXi99yk

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/1092982187751344/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-drie-eenheid-sondag-7-junie-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Besonderhede van die erediens is soos volg

Erediens op Youtube: 7 Junie 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Gen. 1: 26-27

Tema: In die begin het God….

26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

<u>Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:</u>

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
- Johanna Kriel Rademeyerstraat 43A;
- Alta Gebhardt Milleniumpark 73
- Alwyn Koegelenberg van Pleinstraat 39;
- Martin Botha van San Monique woonstel no 2;
- Jacobus Barnard van die plaas Posdrift

Ons bid ook vir die volgende sake:-

- uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Ons is baie dankbaar vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;

• maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
• moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
• in die besonder die korona-virus pandemie.
    o Sodat die virus nie verder sal versprei nie
    o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is
    o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het
    o Al die gesondheidspersoneel
    o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur

Baie geluk aan ons 70 Plussers wat die week verjaar:

- **Ockie Olivier 07 Junie**
- **Johan Robertson 09 Junie**
- **Lewies Potgieter 11 Junie**
- **Johan Lodewyk 12 Junie**
- **Ina Du Plessis 13 Junie**

<u>Gemeente Program:</u>

- **<u>Woensdag 10 Junie 2020</u>**
    - **09:00 Vrouebybelstudie**
    - **18:30 Mansbybelstudie**
- **<u>Vrydag 12 Junie 2020</u>**
    - **07:00 Gebedsgroep**

<u>Gemeentelike finansies</u>

As gevolg van die inperking verslapping vanaf vlak vyf na vlak drie mag mense in die meeste kategorieë ook begin werk.

Die kerkkantoor sal egter ingevolge die regulasies nog ’n geruime tyd gesluit moet bly. Die volgende maatreël is gevolglik vir bydraes in plek gestel:

Daar is 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart ingegooi kan word. Die posbus word tweekeer per dag gekontroleer vir koeverte.
Na bg. bekend gemaak is, het verskeie lidmate reeds hul bydraes in die posbus geplaas.

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee en selfs bydraes verhoog het om vir erediens offergawes voorsiening te maak.

Die Gemeente het intussen ook ’n “snapscan” betalings-fasiliteit daargestel vir dié wat daarvan gebruik sou wou maak. Sou u onseker wees hoe om die toepassing te gebruik is u welkom om met my in verbinding te tree.

Die gemeente se “unieke” strepieskode lyk soos volg en sal in die toekoms ook regs onder op die voorblad van ons webtuiste (https://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/) vir maklike gebruik wees.



Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

'n Ieder en elk word bedank vir jul liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.

Ons Webtuiste en Facebookblad!

Die skakels is:
http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/
https://www.facebook.com/NgGemeenteWelgelukOudtshoorn.

U word ook vriendelik uitgenooi om ons eie webtuiste asook Facebook blad te besoek deur op bogenoemde volgende skakels te "click".

Dit is nie `n vereiste om `n Facebook lid te wees om toegang tot die blaaie te verkry nie!! Toeganklik vir `n ieder en elk!! U is ook welkom om u vriende na die blaaie te nooi.

Om maklik op Oudtshoorn-Welgeluk se webtuiste uit te kom of om na vorige preke te kyk. "Click" net op die "kom meer te wete" blokkie bo aan die Facebook blad en u sal na ons webtuiste geneem word. Vorige eredienste kan daar onder media by video's gesien word.

Voorstelle en kommentaar op die blaaie, asook die nuusbrief is welkom. Dit kan gedoen word deur net op die E-pos te antwoord.

Dit staan u ook vry om die e-pos na u e-pos kontakte of vriende en familie aan te stuur.

Sou u vir die een of ander rede nie die weeklikse nuusbrief elektronies wil ontvang nie, kan u die kerkkantoor met so ‘n versoek e-pos, by ngwelgeluk@telkomsa.net waarna u naam van die e-pos verspreidingslys verwyder sal word.

Welgeluk Groete!
Andries Potgieter
084 514 2178
ajpotgieter@telkomsa.net